

17 September

Skrifgedeelte: Hebreërs 2:10-18

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 18

Die volledige menswording van Christus

Mense skaam hulle soms vir familie. “Laai my sommer by die hoek af,” sê jou tienerkind as jy haar in die (soos jy gedink het nog redelik skaflike) gesinsmotor skool toe vat. So “ken” ’n matriekboetie ook nie maklik sy graad 8-sussie nie. Vriende kan jy kies, familie nie.

Jesus is anders. Hy kán sy familie kies. Hy kon die engele as familie gekies het. Hulle sou pragtige, heerlike, sondelose familie gewees het. Familie om op trots te wees! Hebreërs 1 en 2 maak egter ’n groot saak daarvan dat God dit juis NIE doen nie (vers 16). God kies mense om sy familie te wees (vers 10). Hy WIL jou ken en is nie skaam daarvoor nie (vers 11).

God wil jou in meer as net sy “familienaam” laat deel. Hy wil jou in die volmaakte heerlikheid van sy gesin laat deel (vers 10). Hiervoor stuur Hy sy eie Seun, Jesus Christus, as “Leidsman”. Hy moet jou lei en bring tot die volmaaktheid wat pas by God se familie.

Jesus neem sy taak as Leidsman baie ernstig op. Hy identifiseer hom só met die mense wat Hy lei dat Hy hulle lot volledig sy eie maak. Hy word in alle opsigte (liggaam én siel) volledig mens, maar sonder sonde. As mens behaal Hy die oorwinning oor alles wat jou onwaardig maak om God se familie te kan wees. Die duiwel het nou nie meer mag oor jou nie (vers 14), die dood hou jou nou nie meer gevange nie (vers 15), en al jou sondes is voor God uitgegee (vers 17).

Nou is Jesus nie skaam om jou “Broer” of “Suster” te noem nie (vers 11). Dit is tyd om jou eie skaamte ook af te lê.

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~